

1 Julie - KONINGIN

Skrifgedeelte: Ester 4:1 – 5:8

Fokusgedeelte: Ester 4:14b

“*Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ’n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!*” Met hierdie woorde probeer Mordegai vir koningin Ester oorreed om vir haar volk by die koning te pleit. Haar volk verkeer in groot nood, want Haman het ’n vernietigende bevel teen hulle uitgevaardig. Dit laat haar met geen keuse nie. Sy sal haar posisie as koningin moet gebruik om vir die volk te pleit.

Sy sal haar lewe egter op die spel plaas as sy ongenooïd na die koning toe gaan, want iemand wat ongenooïd by die koning opgedaag het, kon op die plek doodgemaak word. Daarom soek Ester eers ’n uitweg uit die opdrag. Mordegai verduidelik egter aan Ester dat sy ’n plig teenoor haar volk het en dat sy, deur stil te sit, nie in ’n beter posisie is nie.

Daar is egter ook ’n dieper rede hoekom koningin Ester moet optree. Dit is nie toevallig dat Ester koningin van Persië geword het nie. God het haar met ’n doel in die koning se paleis geplaas. God gebruik nou vir Ester as ’n instrument om sy volk te red.

Die woorde van Mordegai het Ester laat besef dat sy in ’n bepaalde posisie geplaas is ter wille van ander mense, en om diensbaar aan God te wees. Met baie wysheid en gelei deur die Heilige Gees het sy daarin geslaag om die groot nood waarin haar volk verkeer het, in ’n groot oorwinning te verander.

Haar bereidwilligheid en haar waagmoed het haar ’n werktuig in God se hand gemaak om sy volk van ondergang te red.

Die Here soek mense wat bereid is om hulleself in sy hand te stel sodat hulle deur Hom gebruik kan word om sy wil te laat geskied. Dit maak nie saak of jy ’n man of vrou, groot of klein, ryk of arm is nie – die Here kan en wil deur jou groot dinge in hierdie wêreld laat gebeur.

Ons moet dus bid dat Hy ons bereid sal maak om beskikbaar te wees vir sy diens, waar en wanneer Hy ons ook al roep.

Sing: Psalm 146:3 & 4

Teol. Student Fritz Potgieter